



eduresourceza.com



ROEDEAN SCHOOL (SA)

INSPIRING A LIFE OF SIGNIFICANCE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

MATRIEK

6 September 2023

Vak : AFRIKAANS FAL VRAESTEL 1
Tyd : 2½ uur
Datum : 6 September 2023
Totale Punte : 100
Eksaminator : Mev. C. Keyter
Moderatore : Mnr. J. Bredenkamp en Mev. Y. Terburgh

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Instruksies:

- Lees die vrae deeglik deur voor jy dit beantwoord.
- Skryf duidelik en netjies.
- Beantwoord al die vrae.
- Die vraestel bestaan uit 16 bladsye en 9 vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

	Afd. A:	Afd. B:	Afd. C:	Afd. D:
Punt:				
Gemodereer:				

Punt: _____ Opmerking: _____

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel uit *Maroela Media* deur, en beantwoord dan die vrae.

Vonkelwynproppe klap vir merkwaardige Kirsten



[Foto's: Sebastien Salom-Gomis/AFP, Loic Grmans/AFP]



28 April 2023



Johann Gresse

1. Daar is Penny Heyns, Tatjana Schoenmaker, Frik du Preez, Mannetjies Roux en Jacques Kallis. En ná 'n merkwaardige alleenvaart om die wêreld tel Kirsten Neuschäfer se naam nou ook onder die grootste Suid-Afrikaanse sporthelde en -heldinne.
2. Die 40-jarige boorling van Gqeberha het die rekordboeke herskryf toe sy die Golden Globe seiljagwedvaart gewen het. Toe sy Donderdagaand, 27 April, na 235 dae aan die stuur van *Minnehaha* – die eindstreep by Les Sables-d'Olonne in Frankryk oorgesteek het, het sy dadelik sommer ook 'n spul rekords agter haar naam geskryf en verbeter.
3. Sy is nie net die eerste vrou om 'n solo-seiljagwedvaart om die wêreld te wen nie, maar sy het ook gesoute deelnemers op hulle neuse laat kyk. Neuschäfer het 'n paar Golden Globe afstandrekords verbeter.
4. Met die wind in haar seile het sy 218,9 seemyl in 24 uur voltooi, terwyl sy in een week 1216,2 seemyl in *Minnehaha* kaggedraf het. Groot-Brittanje se Simon Curwen het 10 uur vóór haar by Les Sables-d'Olonne in Frankryk aangekom, maar hy moes herstelwerk in Chili laat doen en is daarom na 'n ander kategorie afgegradeer (*relegated to another category*).
5. "Dit was 'n ongelooflike een-keer-in-'n-leeftyd-ervaring," het sy gesê toe sy uiteindelik weer op droë grond gestaan het. "Ek was oortuig daarvan dat ek die avontuur sou voltooi, maar het nie geweet dat ek met die louere sou wegstap nie."
6. Kirsten het ook soos 'n wafferse Wolraad Woltemade een van haar mededeelnemers gered toe sy boot in November gesink het. Tapio Lehtinen, 'n Finse deelnemer, het in 'n reddingsbootjie gedobber. Die organiseerders het

die deelnemers in kennis gestel van sy noodtoestand en Kirsten het hom toe gered. Sy was ongeveer 170km weg van Lehtinen, nadat sy dwarsdeur die nag geseil het toe sy met 'n briljante reddingspoging vorendag gekom het.

7. "Kirsten het haar seile opgevou, en my van die windkant af benader, sodat ek 'n tou na haar kon gooi. Sy het die tou vasgemaak en my nader getrek. Ek het onbeseerd op die *Minnehaha* geklim. Dit was uitstekende werk," het Lehtinen gesê.



[Foto: LinkedIn .com]

- 1.1 **Haal EEN woord aan**, uit die opskrif, wat bewys dat Kirsten se prestasie gevier is. (1)
- 1.2 Verduidelik in jou eie woorde, wat 'n **sportheld** is. (1)
- 1.3 **WAAR** of **ONWAAR**. Motiveer jou antwoord deur **EEN** woord aan te haal. (2)
- Kirsten het hulp gehad toe sy aan die wedvaart deelgeneem het.
- 1.4 Gee die **naam** van die wedvaart wat Kirsten gewen het. (1)
- 1.5 Uit watter **provinsie** van ons land kom Kirsten? (1)
- 1.6 **Hoeveel dae minder as 'n jaar** het Kirsten aan die wedvaart meegeding? (1)

- 1.7 Wat beteken die **uitdrukking in par.3**: “om ’n gesoute deelnemer op sy neus te laat kyk”?
- Kies die regte antwoord en skryf net die nommer en letter neer. bv. 1.7 C
- A) om ervare deelnemers te laat verloor.
 - B) om mense, wat gewoon is aan die see, te laat wen. (1)
 - C) om mense se neuse in jou oorwinning te vryf.
- 1.8 Verduidelik hoekom Simon Curwin **nie gewen het nie**. (1)
- 1.9 **Haal ’n frase aan** om te beskryf hoe Kirsten gevoel het oor haar oorwinning. (1)
- 1.10 Hoe weet ons dat **mense belangriker** as die toekenning vir Kirsten is? (1)
- 1.11 **WAAR** of **ONWAAR**. Motiveer jou antwoord uit die stuk.
- Kirsten Neuschäfer en Tapio Lehtinen is van dieselfde kontinent. (2)
- 1.12 Noem **TWEE faktore** wat dit moeilik gemaak het vir Kirsten om vir Tapio te kon red. (2)
- 1.13 Wat sou **vir jou** die grootste uitdaging wees, as jy in Kirsten se posisie was? (1)
- [16]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord dan die vrae.

Is jy die **Huisgenoot** Eisteddfod-ster van die jaar?



KOM WYS JOU TALENT!

HUISgenoot EISTEDDFOD

SKRYF NOU IN!

ONS IS OP SOEK NA 2023 SE GROOTSTE STER

Met trots geborg deur afrikaans.com

[Uit:afrikaans.com/2023/06/01/huisgenoot-eisteddfod/]

- 2.1 Hoe weet ons uit die advertensie dat dit 'n musiekkompetisie is? Gee **TWEE redes** vir jou antwoord. (2)
- 2.2 Watter Afrikaanse **gesinstydskrif** het die kompetisie? (1)
- 2.3 Hoe trek die advertensie die leser se aandag? Noem **EEN feit**. (1)
- 2.4 **Dink jy** dit is 'n goeie advertensie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.5 **Sal jy** aan die Eisteddfod wil deelneem? Verduidelik jou antwoord. (1)
- 2.6 Wie, dink jy, is die **teikenmark** van die advertensie? Motiveer jou antwoord. (2)
- [8]

VRAAG 3: SPOTPRENT

Lees die spotprent en beantwoord dan die vrae.



[Uit: Die Burger, 19 Mei 2023]

- 3.1 Kyk na die ma se gesigsuitdrukking. Hoe weet ons sy is nie gelukkig nie? Gee **EEN bewys**. (1)
- 3.2 Hoe **voel die seun**? Verduidelik jou antwoord deur na die emoji's in die spotprent te verwys. (1)

- 3.3 Waarin verskyn die berig oor kinders wat sukkel om te lees? (1)
- 3.4 **WAAR** of **ONWAAR**. Motiveer jou antwoord.
Die ma se oë is nie baie goed nie. (2)
- 3.5 Waaruit kan ons aflei dat die seun 'n leesprobleem het? Verduidelik. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Wie is jy op Sosiale Media?



[Foto: onaplatterofgold.com]

- Som die **vyf persoonlikhede** en wat hulle graag doen puntsgewys op.
- **Nommer jou punte** van 1-5.
- Jou opsomming moet **70 woorde** lank wees, of jy sal punte verloor.
- Gebruik jou **eie volsinne**.
- Jy mag **EEN of TWEE sinne** skryf oor elke punt.
- Laat 'n **reël** tussen elke punt **oop**.
- Skryf die **aantal woorde**, wat jy gebruik het, aan die einde van jou opsomming neer.

Wie is jy op Sosiale Media?

Jou duimvinger is al rou van al die *scroll*. Jy wou net vinnig kyk waarmee jou eks hom deesdae op Tinder besig hou. Nou is dit al twee-uur die oggend en jy het sy tannie se aangetroude nefie se verlore Jack Russel opgespoor. Hy is iewers in die Oos-Rand. "Ek hou nie eers van sosiale media nie," hou jy vol. Maar jy jok. Niemand van ons spandeer só baie tyd met iets, twee-uur die oggend, as ons nie daarvan hou nie. Die vraag is net: wie is jy as jy agter jou foon se skerm inklim?



1) Realiteitster

Hollywood moet vashou aan sy matras, want Boksburg het geboorte gegee aan 'n ster! Sy vind haar eie lewe so opwindend dat sy genoodsaak voel om elke oomblik daarvan op sosiale media te dokumenteer: wanneer sy opstaan, wanneer sy eet, wanneer sy badkamer toe gaan. Wie het nou *Keeping up with the Kardashians* nodig as jy vir *Hou by met Lana* het?

2) Jamie Oliver

Sy het vanoggend vir haar 'n Marmite-toebroodjie gemaak. Dis 'n persoonlike oorwinning. Sy het die arme stuk roosterbrood so woes afgeneem, hy gaan dink hy is die volgende SARIE-voorbladgesig. Hy het al sy handtekening begin oefen en als. Foeitog, sy weet nie eers hoe die broodjie gesmaak het nie. Teen die tyd wat sy die eerste hap wou vat, was dit al beskuit.

3) Die Hoender

Wat sou sosiale media dan tog nou gewees het sonder die Hoenders onder ons wat 'n eier te lê het oor ALLES. Jy kan 'n sosiale media-Hoender uitken aan die volgende tipe plasings soos: "Toe ek jonger was, sou ons nooit ..." of "my skooljare was so ..."

4) Aandagsoeker


Sy het besluit om papier te spaar en eerder haar gevoelens op sosiale media neer te pen. Na haar kêrel haar verneuk het, het sy al sewe fases van rou op Twitter

gedokumenteer. Maar moet haar liefs nie daarvoor uitvra nie, “dis persoonlik” en sy “wil nie daarvoor praat nie”.

5) Die Miemie

Sy kan so maklik op sosiale media uitgeken word. Haar profielfoto is dié van ’n Yorkie met ’n strik op sy kop teen ’n see-backdrop. Daar is baie kriteria betrokke wanneer sy ’n plasing maak. Die foto móét pixalate. Onvleiende foto’s kry voorkeur en die betrokke persone móét getag word. Sy glo ook in kettingboodskappe. Sy het een keer gehoor mens sal met die dood of ’n dubbelken gestraf word as jy dit nie aanstuur nie.

Nou ja, daar is dit nou! Daardie stukkie “wysheid” wat jy vanoggend twee-uur op Instagram se fan page gaan deel het, het toe nie ongesiens verbygegaan nie.



[Foto's geneem en artikel verwerk uit: Wie is jy op sosiale media? - Afrikaans.com]

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: GEDIGTE

Gesiene Gedigte

VRAAG 4: Strelitzia deur Annie Klopper

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.



[Foto: enrichstudio.co.za]

1. dit was reeds te laat vir verskonings maak
2. toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
3. nadat sy die oggend om stiptelik sewe-uur
4. met 'n langer sigaret
5. tussen gladde naels agter die stuur
6. van haar luukse sedan ingeskuif het –
7. skielik
8. geskok
9. na die linkerkant van haar simmetries
10. geplaveide siersteenoprit staar

11. dit was reeds te laat vir verskonings maak,
12. ja,
13. maar
14. dalk
15. indien sy nie so besig was om
16. (met die staar saam)
17. aan verskonings te dink nie
18. sou sy dalk ten minste redes kon kop
19. waarom haar seun haar strelitzia
20. stukkend sou wou skop

- 4.1 Gee elke keer **EEN woord** uit die gedig wat die volgende bewys.
 - 4.1.1 Vir Susan van Breda is dit baie belangrik om **betyds** te wees. (1)
 - 4.1.2 Sy het baie **spanning** en stres. (1)
 - 4.1.3 Haar **ryding** is baie duur. (1)
 - 4.2 Susan van Breda is die enigste woorde met hoofletters. Wat is die funksie van die hooflettergebruik? (1)
 - 4.3 Daar is **twee voorbeelde** van **parentese** in die gedig.
 - 4.3.1 Hoe word die twee voorbeelde **verskillend** in die gedig aangedui? (1)
 - 4.3.2 Wat is die **ooreenkoms** tussen die twee voorbeelde? (1)
 - 4.4 Wat word dit genoem as woorde **alleen** in 'n reël staan? (1)
 - 4.5 Is die **verhouding** tussen Susan van Breda en haar seun goed? Verduidelik jou antwoord. (1)
 - 4.6 Waarvan is die Strelitzia-blom in die gedig, **simbolies**? (1)
 - 4.7 **Hoe sou jy opgetree** het as jy in Susan van Breda se skoene was? (1)
- [10]

VRAAG 5: Aandeelhouer deur Alta Marincowitz

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.



[Foto: shareholder-relations.com]

1. En die jongeheer?
2. Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?

3. No ways Meneer my
4. interest is nie in finance ek
5. rate nie baie hoog woorde
6. soos inflasie resessie aandele die
7. beurs dra ek in my sak ek
8. invest my tyd en energie in
9. sport my muscles is my
10. bates dit het
11. effekte op die girls laat
12. hulle bloeddruk opwaarts neig
13. my risiko's matig vir stewige
14. lopies kyk ek krieket
15. en anyway who cares wat die
16. prys
17. is van koring mielies en
18. sonneblom

- 5.1 Hoekom is daar soveel **Engelse woorde** in die gedig? (1)
- 5.2 Daar is **geen vaste rymskema** in die gedig nie. Wat noem ons dit ? (1)
- 5.3 Wie is heel moontlik in hierdie gedig, **in gesprek** met mekaar? (1)
- 5.4 Wat beteken dit **om in iemand se voetspore te volg**? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 5.5 In die gedig is daar heelwat woorde met **dubbele betekenisse**. Gee die twee moontlike betekenisse vir die woord "beurs" in r. 7. (2)

- 5.6 Wat noem ons dit as **een reël** in 'n ander **een vloei** sonder leestekens? (1)
- 5.7 Wat is vir die "jongeheer" belangrik? Noem **EEN feit**, volgens die gedig. (1)
- 5.8 In watter **sektor** werk die pa heel moontlik? (1)
- 5.9 **Dink jy** die "jongeheer" is onvolwasse? Motiveer jou antwoord. (1)
- [10]

Ongesiene Gedig

VRAAG 6: 'n Aand vir eerstes deur Fanie Viljoen

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.



[Foto's: Sterkinekor.co.za]

1. Voordat die film onderbreek is,
 2. het ons in die donker gesit en kyk na die flikkerende beelde
 3. en saam Ster-Kinekor-springmielies geëet.
 4. Maar toe vat jy my hand
 5. en toe my been
 6. en jy leun oor na my
 7. en begin my saggies soen
 8. en toe saggies vry
 9. totdat ek per ongeluk my Coke op die mense voor ons omgooi
 10. omdat my neus teen joune gestamp het
 11. en ek nie meer asem kon kry nie
 12. en omdat dit my eerste fliek-vry was.
- 6.1 Watter woord indie gedig dui die **wending** aan? (1)
- 6.2 **WAAR** of **ONWAAR**. Motiveer jou antwoord uit die gedig. Daar is nie progressie nie. (2)

- 6.3 Hoekom is die film onderbreek? (1)
- 6.4 Haal **EEN woord aan** wat bewys dat daar iets op die skerm gewys het. (1)
- 6.5 Hoe het die spreker in die gedig **gevoel**? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 6.6 Gee 'n voorbeeld van **alliterasie** uit die gedig. (1)
- 6.7 Gee **EEN ooreenkoms** tussen al drie die gedigte. (1)
- 6.8 Kan jy met die spreker in die gedig **identifiseer**? Motiveer jou antwoord. (1)
- 6.9 Dink jy dit is 'n **geslaagde** gedig? Motiveer jou antwoord. (1)
- [10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAALVAARDIGHEID

VRAAG 7: SINSTRUKTURE

- Bestudeer die prente hieronder en herskryf dan die sinne soos aangedui.
- Skryf elke keer die volsin uit.

5 Goedvoel-stories deur Laini Janse van Rensburg 18 Aug 2016



Simon McDermot
en sy pa



Morrie Boogart

Die vrae is gebaseer op Foto 4 en 5.

7.1 Die afgelope 15 jaar het Morrie Boogart agtduisend mussies vir haweloses gebrei.

Agtduisend mussies vir haweloses ...

(1)

- 7.2 Morrie is 91 jaar oud. Hy is vasgekluiser aan sy hospitaalbed.
Morrie wat ... (1)
- 7.3 Morrie is in die hospitaal opgeneem. Hy besluit om 'n verskil te maak.
Nadat ... (1)
- 7.4 Morrie antwoord: "Solank as wat ek lewe, wil ek help waar ek kan."
Morrie antwoord dat ... (1)
- 7.5 Die haweloses moet iets lekker warm besit.
Die haweloses behoort ... (1)
- 7.6 Simon McDermot se pa het Alzheimers. Hy kan niks onthou nie.
Aangesien ... (1)
- 7.7 Hy onthou egter die woorde van Pat Boone se liedjie *Quando, Quando*.
Die woorde van Pat boone se liedjie *Quando, Quando* ... (1)
- 7.8 Die video het '*Viral*' gegaan. Hulle sing in die video.
Die video waarin ... (1)
- 7.9 Het jy ooit gedink dat iemand met Alzheimers 'n liedjie se woorde sal onthou?
Nee, ... (1)
- 7.10 Simon se video samel £57 000 vir die Alzheimersvereniging in.
Daardie jaar ... (1)
- [10]

VRAAG 8: WOORDSTRUKTURE

- Bestudeer die prente op bl.14 – kyk na foto's 1, 2, en 3.
- Beantwoord die volgende vrae.
- Skryf die nommers onder mekaar neer.

Die artikel het in die **8.1(SA: skryf die afkorting uit)** tydskrif Sarie verskyn. Die wêreld is **8.2(baie vol: intensiewe vorm)** slegte nuus, of so voel dit. Op **8.3(byna: sinoniem)** elke lamppaal lees mens **8.4(opskrif: meervoud)** van moord en korrupsie. Gelukkig is daar dikwels goedvoelstories ook.

Tydens die Olimpiese Spele het 'n **8.5(Amerika: regte vorm van die woord)** atleet 'n medeatleet **8.6(wie/wat: kies die regte woord)** geval het, opgehelp. Die **8.7(twee: verkleiningsvorm)** het die wedloop saam voltooi.

Die volgende storie was van twee **8.8(baie oud: intensiewe vorm)** mense. Jole **8.9(84: skryf getal uit in woorde)** en haar man Michele (94) het die **8.10(Italië: regte vorm van die woord)** polisie laat kom om 'n klag van rusverstoring te ondersoek. Hoe **8.11(lank: vergrotende trap)** die polisie daar was, hoe **8.12(baie: vergrotende trap)** het hulle verstaan dat die mense net **8.13(leef+moeg: samestelling)** en **8.14(baie alleen: intensiewe vorm)** was. Die polisiemanne het toe die aand daar **8.15(besoek/gekuier/versoek: kies die regte woord)** en vir die oumensies pasta gemaak.

Die **8.16(drie: gee die rangtelwoord)** storie is **8.17(op/van/na: kies die regte voorset)** die jong Tiana Leigh van Kaapstad. Sy **8.18(lei/ly/lui: kies die regte woord)** aan 'n **8.19(seldsaam: regte vorm van die woord)** longsiekte. Haar **8.20(pa+ma: een woord)** het gereël dat haar wens waar word. Sy wou graag haar eie fotosessie hê en soos 'n regte superster behandel word.

[20×1/2=10]

VRAAG 9: KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder wat op die foto's op bl.13 gebaseer is, deeglik deur.
- Voer die instruksies, wat by elke vraag gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde van die persoon wat praat, neer.
- Elke respons moet tussen 15 tot 20 woorde lank wees.
- Skryf jou woordtelling neer na elke respons.

9.1 Atleet 1 het geval en atleet 2 help haar op. Atleet 2 **moedig** atleet 1 **aan** en vertel hoe sy atleet 1 **bewonder**. Skryf wat Atleet 2 sê, neer. (2)

- 9.2 Die ou tannie Jole vertel vir die polisieman **wat verkeerd is** en **hoekom** hulle die polisie laat kom het. Skryf haar woorde neer. (2)
- 9.3 Tiana Leigh verduidelik **hoekom** sy die fotosessie wil hê en **hoe dit haar sal laat voel**. Skryf neer wat sy vir haar ouers sê. (2)
- 9.4 Morrie verduidelik **hoe hy voel** as hy 'n verskil maak en **waarom** hy juis **mussies** brei. (2)
- 9.5 Simon is **dankbaar** sy pa is nog by hom en hulle kan saam die **singery geniet**. Skryf neer wat hy dink. (2)
- [10]

TOTAAL AFDELING D: 30

VRAESTEL TOTAAL: 100